




Rassie Erasmus


Antjie Krog


Johaar Mosaval


Nathan Trantraal
en Ronelda Kamfer

BOEKE

# ’n Skat van ’n boek

Deur **ELNA VAN DER MERWE**

## BLOEI + BLOM – ’N VIERING VAN AFRIKAANS

KONSEP: NATANIËL.
SAMESTELLERS: INGEBORG PELSER & ELMARI RAUTENBACH
Uitgegee deur Bloudruk Media, **R850**

’n Boek oor die viering van jou taal kan skoolkinders se oë laat traan van verveling en grootmense apaties maak. Wie wil waad deur ’n eeu se geskiedenis?

*Bloei + Blom – ’n viering van Afrikaans* hou op ’n heel ander manier fees ter ere van die feit dat ons taal 100 jaar gelede amptelike status gekry het. Die stories van meer as 200 mense word hier vertel en hulle het twee dinge gemeen: Hulle praat Afrikaans en hulle het groot sukses behaal. Natuurlik is daar duisende ander wat hiervolgens vir die boek gekies kon word, en dus kan mens hiermee in gedagte die uiteindelike keuse geniet as ’n heerlike deursnee.

Ek dink Nataniël, wie se idee die boek was, gee ’n goeie invalshoek: “Dit is my hoop dat ’n bloedjong siel hierdie boek kan optel en hulleself iewers herken. Iemand opspoor wat inspireer. Iewers iemand [...] sal vind wat met hulle praat, wat wys daar is hoop en dapperheid.”

Die groot, dik koffietafelboek is baie mooi uitgegee en is ’n goeie geskenk vir leesfynproewers. Hier is mense uit die wêreld van onder meer skryf, visuele kuns, teater, mode, wyn, musiek, sang, film, ballet, kos, boerdery, sport, besigheid, medies, plante, argitektuur, radio en TV.

Een van my gunstelinge is iemand van wie ek die eerste keer gehoor het in die 70’s en toe verdwyn sy naam: Aubrey Kruger was ’n 28-jarige tekenaar by die Oos-Londense hawe toe hy die dolos, die bekende branderbreker van beton, ontwerp het. Die duwweltjie met sy dorinkies wat so aanmekaar klou, was sy inspirasie. Die eer vir die ontwerp het na sy werknemer gegaan – hy is eers op 81 erken as die baasbrein agter die dolos.

Die res van die name in *Bloei + Blom* is dié van meer bekendes en beroemdes. Hier is enkele ander kort lusmakers:

- **Eugène Marais** – digter, joernalis, regsgeleerde en wetenskaplike. “In die 1900’s woon hy in Pretoria waar hy meubels maak en groente kweek. Hy vang ’n skerpioen van sowat 12 cm en maak dit met groot geduld mak.”
- **Cass Abrahams** – sjef. “Só ontwikkel sy haar eie styl proe-proe en so goed die aunties kom vra háár later die resep.”
- **Johannes Kerkorrel** – sanger. “Sy Afrikaanse liedjies het snydende politieke satire met humor gemeng in maklik verteerbare melodieë wat dadelik en direk tot almal gespreek het.”
- **Errol Arendz** – modeontwerper. “Hy gebruik die R800 wat sy ma hom leen om saam met ousus Gloria sy ateljee in 1977 in Kaapstad te open – hy nog in sy 20’s.”
- **Hylton Nel** – kunstenaar. “By Dior se somermansmodevertoning in 2024 in Parys speel sy baldadige lewensgroot keramiekkatte saam model op die loopplank.”
- **Pieter Matthews** – argitek. “Sy Nellmapius-brug is deur die Nederlandse kurator Karlyn de Jongh gekies as deel van die Hollands/Italiaanse World Art Affairs Foundation se uitstalling by die Venesiese Argitektuurbiënnale in 2012.”
- **Rykie van Reenen** – joernalis. “In *Die Afrikaners* beskryf Hermann Giliomee haar as ‘ongetwyfeld’ die mees invloedryke Afrikaanse joernalis van die 20ste eeu.”
- **Hein Wagner** – waaghals. “Hy verbeter in 2005 die rekord vir die vinnigste spoed deur ’n blinde persoon behaal in ’n Mercedes SL65 AMG Black-reeks met ’n spoed van 322,5 km/h.”
- **Johann Kriegler** – advokaat. “Sy kinders vertel aandetes saam met hom was ’n permanente kruisverhoorsessie waarin hulle uitgedaag is om krities te dink.”
- **Johan Degenaar** – filosoof. “Sy gespreksgroep sou met hul byeenkomste moedswillig opvallend die straat toeparkeer in parodie van die geheime, stil byeenkomste van die Broederbond-elite.”
- **Petronella van Heerden** – die dokter in die flanelbroek. “Sy lewer voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ’n toespraak teen fascisme in Kaapstad, geklee in ’n lang, swart mantel en Spaanse hoed.”
- **Elmi Muller** – chirurg. “Sy word wêreldwyd erken as ’n leier op die gebied van nier- en leweroorplantings en baanbreker vir MIV-positiewe pasiënte wat oorplantings nodig het.” ❑

**BLOEI + BLOM is beskikbaar by dieboek.com, Bargain Books, Exclusive Books, Wordsworth Books, Graffiti en onafhanklike winkels.**

: TOBIAS ROUND COLLECTION, GALLO IMAGES, VERSKAF